

G.J. Schutte, *De Zonen van Magato (Mokgatlo Thethe, Kgosi der Bafokeng) in Delft. Een Geschiedenis uit die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Betrekkingen, 1887-1890*

Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, 2007

94 pp

ISBN 978 76112 27 7

Prys onbekend

Vir die historikus is die ontdekking van onverwagte bronne net so ’n opwindende ervaring soos die ontdekking van nuwe spesies vir ’n plantkundige of dierkundige is. Dit is wat met die bekende kenner van Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkinge, Gerrit Schutte, gebeur het. Terwyl hy met ander navorsing in die Suid-Afrikaanse Instituut in Amsterdam besig was, het hy onverwags in die Beelaerts van Blokland-versameling op ’n aantal briewe afgekom wat oor die eerste swart studente uit Suid-Afrika wat na Nederland vir verdere opleiding is, handel. Dit was verslae oor die vordering van die twee seuns van opperhoof Mokgatle Thethe, algemeen in die ZAR bekend as Mokgatle. Met sy diepgaande kennis van Kruger se Hollanders, het Schutte dieper begin delf. Die storie wat ontvou het, word nou vir die eerste keer in hierdie monografie vertel.

Dit is die verhaal van twee seuns, Bloemhof (16) en Paul (14), wat in 1887 na Nederland gestuur is om daar ’n tipies-Nederlandse opvoeding te ontvang. Dit is veral die feit dat die twee seuns saam met vier Hollandse seuns, onder andere Paul Kruger se kleinseun Sarel Eloff (16), in Nederland aangekom het, wat Schutte ondersoek na die rol van Paul Kruger in hierdie sending laat doen het. Schutte wy ’n spesiale hoofstuk aan Kruger se rol en lê klem daarop dat dit aansienlik verskil van die tydgenootlike Europese en veral Britse toedigting aan Kruger van hardvogtigheid en onverdraagsaamheid teenoor swartes in die ZAR. Die drie hooffigure in die besoek was die Hollandse onderwyser Wessel Louis, wat sedert 1883 aan die hoof van die opleidingskool in Pretoria gestaan het en daarbenewens sekretaris van die Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studente was, die ZAR se gesant in Nederland, jonkheer G.J. Th. Beelaerts van Blokland, wie se seun een van die ses nuwe aankomelinge was, en die predikant van die Afsgeheide Gereformeerde Gemeente in Delft, by wie die twee seuns vir drie jaar in die pastorie tuisgegaan het.

Schutte dui oortuigend aan dat die hele projek nie net met die goedkeuring van Kruger geskied het nie, maar ook deur hom in belangrike opsigte bevorder is. Schutte wy aandag aan die besondere verhouding wat tussen Kruger, Mokgatle en die Bafokeng bestaan het. Hulle was bure en soos professor Johan Bergh in sy navorsing aangetoon het, het Kruger die Bafokeng gehelp om grond te bekom. Schutte opper die moontlikheid dat Kruger ook 'n belangrike rol gespeel het in Makgato se huwelik met die Ndebele meisie Paulina, wat as Christen 'n belangrike invloed op hom uitgeoefen het. In samewerking met die Duitse sendelinge op Saron, het Makgato veel gedoen om die Christendom te bevorder. Dit het Kruger beïndruk en daarom het hy besluit dat die twee seuns 'n Christelik-gereformeerde opleiding moes ontvang.

Daar is ook 'n verband met Kruger se bekende pro-Hollander beleid. Hy wou die seuns graag 'n Nederlandse opvoeding gee sodat hulle hom enersyds kon help met die administrasie van die swart volke – Kruger het vlot Setswana gepraat – en kon bydra om die buitelandse, en veral Britse invloed en propaganda wat die ZAR nie goedgesind was nie, onder die swart bevolking teen te werk.

Dit was Kruger en Mokgatle se plan dat Bloemhof sy vader as opperhoof moes opvolg. Hulle plan het egter misluk omdat die Bafokeng die tradisionele opvolger, die oudste seun van die hoofvrou, Tumagolê, bo Bloemhof verkies het. Daarmee het Bloemhof se nuttigheid vir Kruger in 'n groot mate verdwyn. Daar is min bekend van wat later met die twee seuns gebeur het. Wat Schutte wel uitgevind het nadat sy monografie verskyn het, is dat daar in 1920 'n fiktiewe jeugverhaal van die bekende Nederlandse skrywer van jeugverhale, J.B. Schuil, verskyn het, waarin die twee hoofkarakters Bloemhof en Paul is. Hoewel die boekie op werklike historiese gebeure gebaseer is, is daar soveel verbeelding in die werk, dat dit nie werklik 'n histories-betroubare weergawe van hulle wedervaringe in Nederland is nie. Die feit dat die boekie nege herdrukke beleef het, toon egter dat Nederlandse kinders tog onwetend kennis van die eerste twee swart studente uit Suid-Afrika in Nederland gedra het.

Die monografie kan van die Suid-Afrikaanse Instituut, Keizersgrachtstraat 1141, 1015 CK Amsterdam, Nederland, bestel word.

Pieter Kapp
Besoekeende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat